OUTENIQUA HOËRSKOOL • HIGH SCHOOL
SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 FAKS / FAX: 044 874 4188 OR / OF: 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

19 Julie 2021

Liewe ouers, leerders en personeel

Ek vertrou dit gaan goed met almal in hierdie moeilike omstandighede.

Ons het in die afgelope maand gesinne wat geliefdes aan die dood afgestaan het. Die personeel en beheerliggaam wil ons innige meegevoel met hierdie gesinne betuig. Ons dink veral aan:

- Die Strydom-gesin van Sedgefield (Rohan gr. 9) wat hulle eggenoot en vader aan die dood afgestaan het,
- die Van Jaarsveld-gesin (Gizelle gr. 12 en Eddie gr. 10) wat hulle eggenoot en vader aan die dood afgestaan het,
- die Scholtz-gesin (Emma gr. 12) wat hulle eggenoot en vader aan die dood afgestaan het,
- die familie van Cathy Siwayo, een van ons werkers by Beyers Tehuis, wat verlede week oorlede is.

Ons vertrou dat ons Hemelse Vader vir elkeen wat geliefdes in hierdie tyd aan die dood afgestaan het die nodige krag en vrede sal gee om die situasie te hanteer.

1. Program vir die derde kwartaal

Die skoolbestuur in samewerking met die vakhoofde het besluit om die halfjaareksamen af te handel en dat gr. 8 – 11 nie in die derde kwartaal ’n formele eksamen gaan skryf nie. Hulle assessering sal bestaan uit take en toetse. Die matrieks gaan egter ’n formele eksamen ter voorbereiding vir die einde van die jaar se eksamen skryf. Ouers en leerders sal dus besef dat elke minuut van onderrigtyd kosbaar is en leerders kan nie onnodig uit die skool bly nie. Dit moet elkeen van ons se doelwit wees dat elke leerder aan die einde van die jaar volgens sy/haar potensiaal sal presteer. **Elke kind elke punte tel!**

Die halfjaareksamen sal soos volg afgehandel word:

- Die laaste week (Maandag 5 Julie tot Vrydag 9 Julie) se eksamen wat nie voltooi was nie, word geskryf vanaf 26- 30 Julie.
- Donderdag 1 Julie se vraestelle word op Saterdag 31 Julie geskryf.
- Vrydag 2 Julie se vraestelle word Maandag 2 Augustus geskryf.

Klasse begin weer op Dinsdag 3 Augustus.

2. Program vanaf 3 Augustus

Die inperkingsmaatreëls bepaal dat slegs 50% van hoërskool-leerders by die skool mag wees. Ons gaan dus nog steeds in die Ougoud- en Geel-groepe elke tweede dag skool toe kom. Ons begin Dinsdag 3 Augustus met die Ougoud-groep.

3. Gelukwensing

3.1. Olimpiese Spele

Die Outeniqua-gemeenskap is baie trots op ons drie oud-leerders wat Suid-Afrika in die Olimpiese Spele in Tokyo verteenwoordig. Bianca Buitendag (2011) verteenwoordig ons in branderplankry, Jo-Ané van Dyk (2015) in spiesgooi en Elroy Galant (2004) verteenwoordig ons in die maraton.

3.2. **Rugby:** Baie geluk aan Antonio Bruiners en Patrick Kitete wat in die SA o/18-hoë prestasiegroep opgeneem is. Daar is tans 50 spelers in die groep en daar word uiteindelik 35 spelers gekies wat in ’n toetsreeks teen Georgië gaan speel.

Baie sterkte aan elke ouer, leerder en personeellid met die komende kwartaal. Mag ons wysheid, krag en veerkragtigheid kry om die komende kwartaal reg te hanteer.

Kwagga groete.

C. P. Vorster
Skoolhoof